

25 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: DL, 5:8

Ek is beseël (gewaarmerk) as 'n ware kind van God!

As dit van die mens afgehang het sou hy beslis uit die geloof en die genade van God kon uitval. As dit van die mens afgehang het sou selfs gelowiges in die sonde waarin hulle geval het wou bly tot die einde toe en verlore gaan. Die mens is mos van nature geneig om weg te vlug van God. Maar God is getrou! Hy hou sy kinders vas, selfs wanneer hulle in sonde val, sodat hulle nie in die sonde bly en verlore gaan nie, maar berou het en hulle bekeer. Ons bely dat dit “nie deur hulle eie verdienste of inspanning (is) nie, maar weens die genadige barmhartigheid van God.” Ons het dié versekering: “Maar, omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur” dat 'n uitverkorene verlore gaan nie!

Maar watter versekering het ek dat ek een van hierdie is wat deur God se genadige barmhartigheid nie verlore sal gaan nie? My versekering is dat ek deur die Heilige Gees as God se eiendom beseël is! Die Woord sê immers (vers 13b-14): “In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.”

Om deur die Heilige Gees as die eiendom van God beseël te word, beteken dat die Heilige Gees my seël van egtheid is. As ek in Jesus Christus glo, dan werk die Heilige Gees in my. Hy is self die teken, die waarmerk, die waarborg, die sertifikaat van egtheid, dat ek tot in ewigheid aan God behoort en nooit uit God se genade kan val nie! Daarom móét ons sy grootheid prys!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~